

# Werk saam om 'n 'lewende landskap' in die Krommerivier-opvanggebied te skep - #3 -

## Hallo!

Hierdie derde nuusbrief verskaf die nuutste nuus oor die PRESENCE-projek in die Bo-Krommerivieropvanggebied. Hierdie nuusbrief verskaf inligting oor die volgende werkinkel wat op 31 Januarie 2013 plaasvind, die visie en missie van die forum en inligting deur Japie Buckle van "Werk vir Vleilande" oor die oorsake van onlangse vloede.

Eerste op die lys staan ons weergawe van die visie en die missiestelling van die Opvanggebiedsforum. Ons ontvang graag voorstelle ter verbetering.

### **Visie** van die Opvanggebiedsforum :

"Krommerivier: Boerdery in harmonie met die natuur."

### **Missiestelling** van die Opvanggebiedsforum :

- Om grondeienaars aan te moedig om eienaarskap van die visie te neem en daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar.
- Om al die mense wat in die Kromriviergebied werk aan te moedig om die omgewing te beskerm en te herstel.
- Om kommunikasie en samewerking tussen al die mense wat met die Kromrivier werk, aan te moedig en te bevorder.

### **Volgende byeenkoms van die Opvanggebiedsforum 31 Januarie 2013**

Dis tyd om die Opvanggebiedsforum verder te ontwikkel. Die volgende byeenkoms vind op 31 Januarie 2013 plaas en ons vertrou dat julle dit sal bywoon. In Figuur 1 staan die take van die forum – soos bespreek in die verskillende werkinkels. Ons wil graag hierdie take gedurende die Januarievergadering bespreek sodat kommunikasie tussen al die mense in die Bo-Kromrivier-opvanggebied verder verbeter kan word. Ons verwelkom altyd nuwe idees en voorstelle.

**Figuur 1**

### Take van Opvanggebiedsforum

**Koördinasie** van aksies vir die restourasie van die natuur en gesamentlike behoeftes

**Kommunikasie** tussen al die mense wat in die Kromriviergebied werk

**Opvoeding** oor volhoubare boerdery-prakteke

Om **inligting** te deel en besoedeling te beheer

Om onder **belanghebbers** te betrek en fondse te kry vir die restourasie van die natuur

### Wie is ons?



**The PRESENCE Learning Network**  
*Participatory Restoration of Ecosystem Services and Natural Capital, Eastern Cape*

PRESENCE is 'n veelvoudige belanghebberleernetwerk wat mense help om saam te werk om landskappe tot die voordeel van almal te restoureer.

Ons hoop om steeds lekker saam te werk om 'n 'lewende landskap' in die Kromme te skep

PRESENCE in die Kromme is 'n project van **lovinglands**

## Opmerkings oor die onlangse vloede in die Kromriver

J.Buckle – Projekbestuurder Werk vir Vlielande

Die Kromrivier moet beskou word as 'n rivier wat gereeld deur vloede geteister sal word. As daar na die uitleg en topografie van die rivier sisteem gekyk word is dit nie verbasend om te sien hoekom vloede deel is van die historiese vorming van die smal rivier vallei nie. Die boonste gedeelte van die Kromriver Opvanggebied, ook bekend as K90A en K90B (gedeelte van die "Heights" tot by die Churchill dam) word gekenmerk deur steil berghellings aan die suide (Tsitsikammaberge) en noorde (Zuuransberge) kante van die smal rivier vallei. Heelat snelvloeiende sytak riviere sluit ook by die hoof rivierloop aan wat veroorsaak dat die volume water wat afgevoer word vermeerder soos die rivier sy weg baan van die weste na ooste.



Gereelde vloede word dikwels in die Kromrivier waarneem gedurende hoë reënval gebeurtenisse veral gedurende die wintersmaande wanneer opeenvolgende koue flontale weerpatrone inbeweeg vanaf die weste. Hierdie weerpatroon word dikwels beïnvloed deur 'n afsnylaag vanaf die ooste wat die vogtige lug van die koue front die land indruk en uitermatige hoë reënval oor die gebied veroorsaak. Gedurende 2011 het die Kromrivier opvanggebied, wat tot en met Mei maand onder 'n geweldige droogte deurgeloop het, goeie reën gedurende Mei, Junie en Julie ontvang. Hierdie reën patroon is voortgesit in 2012 met bo gemiddelde reënval syfers vir die jaar. Die opvanggebied was reeds goed versadig met water en die opeenvolgende reëns in Junie, Julie, Augustus en Oktober 2012 het uitermatige hoë waterafloop in (vloede) die vallei veroorsaak.



Gepaardgaande met die vloede was die hoë volume van sediment vloei in die rivier. Weens die hoë vlakke van energie (hoë vloei snelheid van water) gedurende vloede word sediment in die vloedvlakte opgetel en stroomaf beweeg. Sodra die water dan weer snelheid verloor weens 'n laer gradient in die rivierloop word die sediment weer gedeponeer (neergesit). Sediment beweeg tipies in pulse gedurende vloede stroomaf met die rivier. Die sediment is afkomstig vanaf die opvanggebied en word met die sytakke tot in die Kromrivier vallei vloer vervoer.

Gesonde vleilande met digte palmiet plante (*Prionium serratum*), is idiaal om van die sediment op te vang en te stoor in die vleiland. Die Palmiet vleilande word ook gekenmerk deur diep onderliggende veengrond (tot 5 meter diep) wat 'n baie hoë waterhou vermoë het (natuurlike watersponse). Die vleilande werk en dien dus as 'n hidrologiese buffers gedurende tye van vloede deurdat die areas onder die vleie eers versadig moet word voordat water vrygestel word as afloop. Gedurend die droë seisoen voed die vleie weer die rivier met die water wat uit die veen vrygestel word. Palmietplante word beskou as die "superglue" wat die vlei sisteme bymekaar hou en is belangrik om erosie te voorkom, slik op te vang, water te suiwer en vloede se spoed te breek.

Indien die voorspellings van die weerkundiges korrek is omtrent klimaatsverandering en aard-verwarmering dan gaan vleilande, ook in die Kromrivier, 'n al meer belangrike rol speel om vloedskades te beperk, sediment op te vang en as hidrologiese bufferareas te dien.



For more information contact:

Jorie Vos / PRESENCE student  
Email: Jorie.Vos@wur.nl

Marijn Zwinkels / Living Lands  
Email: marijn@earthcollective.net  
Cell: +27 (0)737 345100  
P.O. Box 237, Patensie 6335,  
South Africa

